

INLIGTINGSTUK



**P/Sak X1288
Post Unit 29
POTCHEFSTROOM
2520**

**Rocherstr. 24
BAILLIE PARK
2531**

**TEL. NRS.: 018 290 5851 OF 018 290 5217
FAKS: 018 290 5851
Faks na e-pos: 086 589 9201
E-POS: admin@woel.co.za
Webwerf: www.woelenwerskaf.co.za**

INLIGTINGSSTUK

Baie welkom aan u as ouer in Woel en Werskaf se ouergemeenskap en baie welkom aan u kindjie as 'n kleuter van ons skool. Dit is ons, as personeel se wens en strewe dat u kind hier baie gelukkig sal wees en ons sal alles in ons vermoë doen om elke skooldag vir hulle aangenaam en genotvol te maak.

1. VISIE & MISSIE

VISIE

In die Preprimêre skool Woel en Werskaf word kleuters sinvol voorberei om as gebalanseerde volwassenes hulle roeping in Suid-Afrika na te kom.

MISSIE

In die Preprimêre skool Woel en Werskaf:

- * dien die Nasionale CAPS Kurrikulum as rigsgnoer vir aktiwiteite;
- * sal geen diskriminasie ten opsigte van gelowe toegelaat word nie.
- * is Afrikaans die medium waardeur groepsonderrig plaasvind en Afrikaans en Engels die medium waardeur individuele kommunikasie plaasvind;
- * word daarna gestreef om aan alle kleuters geborgenheid te verskaf in 'n beskermde, veilige omgewing;
- * word gestreef na hartlike samewerking tussen ouers, onderwysers en die gemeenskap;
- * vind opvoedende onderrig op **informele** wyse plaas ooreenkomstig die vlak van die kleuter.

2. TOELATINGS-, GODSDIENS- EN TAALBELEID (opsomming)

Ooreenkomstig die beleid van die skool, word kleuters toegelaat waarvan die ouers:

- * aanvaar dat, geen diskriminasie t.o.v. gelowe toegelaat word nie.
- * aanvaar dat, ongeag geslag, taalvoorkeur of herkoms, alle leerders menswaardig behandel sal word;
- * aanvaar dat Afrikaans die medium sal wees waardeur groepsonderrig plaasvind en Afrikaans/Engels die medium waardeur ander kommunikasie plaasvind;
- * aanvaar dat leerders nie jonger as drie jaar en nie ouer as ses jaar oud is nie - tensy met spesiale toestemming van die Beheerliggaam en Onderwys Departement;
- * bereid is om hulle verpligtinge met betrekking tot onderriggelde na te kom;
- * aanvaar dat die skool se gedragskode geldend is vir kleuters se gedrag, asook opvoeders en ouers se optrede binne die skool;
- * bereid is om hartlik saam te werk in belang van die skool;
- * aanvaar dat 28 kleuters per klas toegelaat sal word (maksimum 30 kleuters per klas – met Beheerliggaam se toestemming)

('n Meer volledige Gedragskode, Toelatings-, Godsdienst-, Taalbeleid is op aanvraag in die kantoor beskikbaar).

Ons versoek u om asb. op die volgende sake rakende ons skool te let:

3. TOELATING VAN NUWE KLEUTERS

Om aan elke nuweling persoonlik aandag te kan gee, word die toelatingstydperk oor die eerste twee weke van die nuwe skooljaar, versprei. Neem dus asseblief noukeurig kennis van u kleuter se datum van toelating. Dit is in elke kleuter se belang dat hy/sy geleidelik arriveer en sodoende kans kry om ten volle in te skakel.

Let wel:

Reël met u kleuter se onderwyseres hoe laat u u kleuter weer kom haal sodat u kleuter gerus gestel kan word oor wanneer hulle gehaal word.

4. ONDERRIGGELDE

Skoolgeld is betaalbaar soos uiteengesit in die Omsendbriewe van elke kwartaal. Daar moet streng gehou word by die betaaldatums en bedrae asseblief. Skoolgeld word PER KWARTAAL betaal. U kan ook voortuit betaal, maak net asb. doodseker van die bedrag wat betaalbaar is aangesien elke kwartaal se skoolgeld van mekaar verskil a.g.v. die aantal weke wat elke kwartaal verskil.

Die kostes per jaar asook elke kwartaal se bedrag en die bankbesonderhede sal op die eerste Omsendbrief aan u deurgegee word. U kan by die sekretaresse navraag doen in dié verband. **Elektroniese betaling vir skoolgeld word gedoen asb.** Vir veiligheidsdoeleindes ontvang ons geen kontant by die skool nie.

5. VERVERSINGS

Die kleuters ontvang elke dag om ongeveer 10:30 verversings by die skool. (Dit word deur die skool self verskaf.) Dit is egter nie 'n volledige maaltyd nie en bestaan uit 'n broodjie, vrug en drinkgoed. Daarom is dit uiters belangrik dat u kleuters soggens tuis 'n gebalanseerde ontbyt moet geniet.

Let Wel: Kleuters mag nie ander kos, lekkergoed of enige ander versnapperinge saambring skool toe nie, behalwe vir die nasorg wat om 13:00 genuttig word. Ons het bepaalde riglyne beskikbaar vir die hierdie kospakkies. (Maak asb. seker dat u hierdie riglyne ontvang).

Sorg asb. dat u kleuter se klasonderwyseres deeglik kennis dra van moontlike allergieë!!

6. VERJAARDAGPARTYTJIES BY DIE SKOOL:

Wanneer kleuters verjaar, mag hulle vir die maatjies in hulle groep koek/pizza of roomys saambring. Die hoeveelheid moet asb. beperk word tot bv. 'n groot pizza/koek wat in 30 stukkies gesny kan word of een kolwyntjie vir elke kleuter. Die kleuters eet éérs die gesonde verversings wat deur die skool verskaf word en daarna kry hulle die stukkies koek wat meer as voldoende is. Ons skool is baie gestel op gesonde eetgewoontes en 'n oormaat eetgoed is 'n vermorsing. Mammies moet asb. vooraf met die klasonderwyseres reël indien u kleuter verjaar. U as ouers is baie welkom om u kind se verjaardagkring by te woon. (Let wel! Kring – en nie partytjie nie)

7. **SPEELGOED**

Let asb. daarop dat u kleuter/s nie sy/haar speelgoed saambring skool toe nie. Dit veroorsaak dikwels onaangenaamheid en ons kan nie waarborg of verantwoordelikheid aanvaar dat dit heel sal terug gaan huis toe nie.

8. **TEMAS**

Elke week se bedrywighede word volgens 'n spesifieke tema aangebied. 'n Tema-uitstalling, wat groot besprekings uitlok en waaraan die kleuters ook 'n aandeel kan hê, word in die speelkamers uitgestal.

Ons vra dat u as ouers die kleuters sal aanmoedig om gereeld artikels te bring wat aanpas by die tema om sodoende te help om ons tema-uitstalling uit te bou. Die artikels word op die tematafel gelaat en dan weer op Vrydae huis toe gestuur.

9. **SKOOLBESOEK**

Om werklik voordeel uit die opvoedkundige program te trek, behoort 'n kleuter wat ingeskryf is, die **skool gereeld by te woon**. Volgens die handleiding vir preprimêre onderwys behoort 'n kleuter wat die skool nie gereeld bywoon nie, uitgesluit te word om wel 'n ander kleuter wat die skool moontlik gereeld sou bywoon, nie dié voorreg te ontnem nie.

Stel die skool asb. dadelik in kennis (telefonies, e-pos of per briefie) indien u kind siek is, **veral as dit 'n aansteeklike siekte is** of die skool om een of ander rede nie kan bywoon nie. Wanneer u u kleuter uit die skool wil haal, is dit baie belangrik om u kleuter se plek amptelik te kanselleer, aangesien u verantwoordelik gehou sal word vir die betaling van die skoolgeld solank u kind op ons register is, al was u kind afwesig!

10. **KLERE**

Mammas moet asb. nie vir die kinders hul beste klere aantrek nie. Juniorsgroepe se kleuters (3-4 jaar) moet asb. altyd 'n ekstra stelletjie klere in hulle tassies hê. Ongelukkies, soos nat word, as hande gewas word, verf wat daarop val of selfs glipsies is moontlik. **Merk asb. alle klere, skoene (wat aan- en uitgetrek kan word) ens.** Op die stoep of in die siekekamer is daar 'n mandjie waarin verlore klere geplaas word. U kan dus by die kantoor navraag doen as 'n kledingstuk verlore raak.

11. **SKOOLURE**

Aankomstyd vir alle groepe is vanaf 07:15 - 08:00. Ouers kan kinders **vanaf (12:30 - 13:30)** kom haal. 'n Onderwyseres op vroeë- en laatdiens sal soggens om 07:00 by die skool wees en die middag tot 13:30 of 13:45 indien nodig. Moet asb. nie u kleuter **voor 07:00** soggens alleen voor die hek laat nie. Die onderwyseres op vroeë diens sal **stiptelik om 07:00** die hek oopsluit. **Die hek sluit 08:00. Wees ASB betyds. Die hek maak stiptelik om 12:30 oop. Moet asb. nie voor die tyd die klokkie druk nie.**

Ons doen 'n dringende beroep op u, om u asb. by bogenoemde tye te hou, omdat dit die algemene roetine en dissipline in die skool baie vergemaklik. Kleuters moet deur hul ouers by die skool besorg en afgehaal word. Ter wille van u kleuter se veiligheid en as deel van ons noodplan, moet u ons te alle tye laat weet indien 'n ander persoon (as oorspronklik gereël) u kleuter by die skool kom haal. Hierdie reëling moet verkieslik skriftelik gedoen word.

Reël asb. ook vooraf indien u weens onvermydelike omstandighede u kleuter buite vertrektye by die skool moet kom haal. (Dit word net in uitsonderlike gevalle toegelaat). Ons versoek u vriendelik om asb. alle afsprake, swemlesse ens. vir die namiddag te reël.

Let wel: Wees asb. altyd betyds soos met u kleuter afgespreek. Indien u laat kom, sal u kleuter vrees dat u hom vergeet het en dit laat hom/haar baie onveilig voel!

Die hek sluit soggens om 08:00 waarna ons met die amptelike program begin. Indien bogenoemde tye u nie pas nie word u dringend versoek om die hoof vooraf in dié verband te spreek.

12. AANKOMS

Vergesel asb. u kleuter tot by sy/haar klassie **en oorhandig die kleuter aan klasonderwyseres**. Sodoende kan u dan ook enige probleempie in belang van u kind, bv. siekte; 'n pappa wat as gevolg van werksomstandighede weg is; 'n slegte nag ens. met u kind se klasonderwyseres bespreek. Dit stel die klasonderwyseres in staat om "abnormale gedrag" te verstaan en ekstra aandag aan 'n ontwrigte kleuter te kan gee. (Sien wenke agterop om afskeid te vergemaklik).

13. VERTREKTYE

U kleuter moet deur 'n volwasse persoon gehaal word. Kleuters sal **nie** saam met boeties of sussies kan huis toe gaan nie - en beslis ook nie met fietse, indien nie onder volwasse toesig nie. Die hek word stiptelik **12:30** oopgemaak. **Moet asb. nie vroeër kom nie**, dit is storietyd en die klassie word ontwrig indien u vroeër kom.

14. PARKERING VOOR DIE SKOOL

Terwille van u kleuter se veiligheid, wil ons 'n baie dringende beroep doen om t.o.v. die volgende saam te werk:

Nadat die personeel agter die pallisade geparkeer het, is u welkom om direk agter hulle voertuie op die parkeerarea stil te hou!! **Laat asb. 'n spasie tussen** u motor en die pallisade oop, sodat die kleuters en hulle ouers tussen in kan deurstep - wat vir hulle baie veiliger is as om agter die vertrekkende motors te moet stap. Indien die plek dit toelaat, kan u probeer om liewer aan die skool se kant van die straat te parkeer sodat die kleuters nie die straat onnodig moet oorsteek nie!

U samewerking in dié verband sal baie waardeer word!!

15. VERANDERING VAN ADRESSE, TELEFOONNOMMERS ENS.

Ons doen ook 'n beroep op u om enige adresverandering of **verandering van telefoonnommers dadelik by ons te kom aanmeld**. U kleuter kan gedurende skoolure siek word en dan kan ons u nie opspoor nie.

16. TASSIES

Elke kind moet asb. 'n skooltassie hê wat hy/sy **ELKE DAG** saambring. Die skooltassie moet duidelik bo-op gemerk wees met die kind se naam en van. Skooltasse word gebruik om prentjies, omsendbriewe asook skoene, baadjies, kosblikke en truië in te pak.

Wenk: Die ideale tassie is **± 30cm x 40cm groot** sodat 'n A4 bladsy kan inpas. 'n Ekstra lap inkopiesakkies in die tas is ideaal om klere wat uitgetrek word in te bêre. **(Merk asseblief alles)**.

17. UITSTAPPIES

Daar word elke kwartaal ongeveer 1 uitstappie onderneem. Ons stuur ook 'n vormpie wat u moet voltooi en terugstuur indien u kind die uitstappie mag meemaak. Vir elke nuwe uitstappie word weer toestemming vereis - daarsonder kan u kleuter ongelukkig nie die uitstappie meemaak nie!

Kinders moet asb. vir uitstappies hulle eie kospakkies van die huis af bring, (tensy anders gereël.) Verpak asb. dié verversings in papier- / plastieksakkie wat ons kan weggooi nadat die verversings geniet is. Die kospakkies moet net genoeg wees vir u kind om op te eet. Drinkgoedjies is altyd belangrik!! **Sien kospakkie riglyne in dié verband asb.** Na afloop van 'n uitstappie word die nuutste foto's op ons webwerf geplaas! Besoek ons webwerf op 'n gereelde basis!

18. KOMMUNIKASIE - OMSENDBRIEWE

Ons kommunikasie met u gedurende die jaar geskied deur middel van omsendbriewe wat ons van tyd tot tyd saam met die kleuters sal huis toe stuur. (Kleuters leer ook so pligsgetrouheid aan en dit is goeie oefening vir hul geheue!) Onderaan elke omsendbrief sal 'n afskeurstrokie voorkom wat u asb. dadelik moet onderteken en die volgende dag aan die onderskeie klasonderwyseresse terugstuur, sodat ons kan kontroleer of u wel die briefie ontvang en gelees het!

Lees asb. elke omsendbrief **aandagtig** deur om sodoende op hoogte van alle reëlings te bly. 'n Goeie idee is om 'n spesiale lêer aan te lê waarin u al die briewe kan liasseer!

Indien u verkies, kan ons die omsendbriewe aan u e-pos.

**N.B!. Hiërdie inligtingsstuk is veral van tyd tot waardevol om na te gaan!
Bewaar dit asseblief!!**

19. ASSESSERINGSVERSLAE

U kleuter se ouderdom bepaal die hoeveelheid assesseringsverslae wat hy/sy per jaar ontvang. Bv. Gr R - elke kwartaal; Vier en vyf-jariges – 3 x per jaar en drie-tot vierjariges – 3 x per jaar. 'n Individuele onderhoud word ook met elke ouer ten opsigte van die kleuter se vordering tydens die uitdeel van die verslae gehou. Stuur asb. die getekende Gr. R verslae of koevert terug.

20. NOODPLAN / VEILIGHEID

Ons skool beskik oor 'n noodplan wat van tyd tot tyd prakties "ge-oefen"word. Die hele aangeleentheid word as 'n "speletjie" aan die kleuters oorgedra, sodat geen kleuter nodig het om daarvoor te skrik of daarvoor bang te wees nie. U kleuter se veiligheid is ons hoogste prioriteit!!!

Sluit ook asb. die hek wanneer u buite aankoms- of vertrektye die skoolterrein verlaat of binnekom. Ons outomatiese hek is terwille van ons kleuters se veiligheid aangebring en moet asb. te alle tye korrek gebruik word!

21. KUIER-MAATJIES

Dit word in uitsonderlike gevalle toegelaat. 'n Ander kleuter ouer as 3 jaar, mag vir 'n dag teen 'n minimale tarief kom kuier. U moet toestemming van die hoof verkry en 'n Dagbesoekervorm invul.

22. ADDISIONELE DIENSTE

- (a) **NASORGSENTRUM en VAKANSIEPROGRAM:**
Ons skool beskik ook oor 'n Nasorgsentrum wat namiddae en vakansies deur bekwame personeel behartig word. Ouers is ook welkom om per geleentheid van dié diens gebruik te maak. Vir meer besonderhede skakel mev. Hettie Steenkamp by 082 964 6363.
- (b) **TROMPOPIES:**
Slegs Gr.R dogtertjies kan hieraan deelneem. Dit word deur 'n personeellid van die skool aangebied. Meer besonderhede word later aan die betrokke ouers uitgestuur.
- (c) **KINDERKINETIKA:**
Eenmaal per week bied M-graad PUK studente bewegingsaktiwiteite by die skool aan tydens vertrektyd. Vir meer inligting skakel asb vir Barry Gerber by 072 581 9629
- (d) **REKENAARKLASSE: Stimulus Maksima.**
Skakel vir Letitia Els by 082 377 7728 vir meer inligting.
- (e) **KRIEKET:**
Krieket afrigting word weekliks tydens vertrektye vir ons seuntjies aangebied. Vir meer inligting skakel Fraser Duvenage by:072 027 1901
- (f) **MUSIEK:**
Kiddi Beat musieklessies in klein groepsverband word eenmaal per week tydens vertrektyd aangebied. Vir meer inligting kontak Grethe Uren by 084 513 5098
- (g) **RITMIESE GIMNASTIEK:**
Ritmiese gimnastiek word weekliks tydens vertrektye aangebied. Vir meer inligting kontak Ninette Duvenage by 072 409 6779
- (h) **HOKKIE**
Hokkies word weekliks aangebied deur Natalie Steynberg. Kontak haar by 071 671 7238 vir meer inligting
- (i) **CAT - DANS**
Dansklassie word weekliks aangebied deur Caréne Groenewald. Kontak haar by 082 496 8419 vir meer inligting
- (j) **RUGGAKIDS**
Rugbyvaardigheid word weekliks gedoen deur Neels Brits. Kontak hom by 082 339 0751 vir meer inligting.
- (k) **SPRAAKTERAPIE:**
Elke Woensdagoggend tydens oggendure, besoek 'n spraakterapeut ons skool om kleuters met taaluitbreiding en ouditiewe persepsie ens. te help. Skakel mev. Marianna Geel by 018-2906658 vir meer inligting.
- (l) **ARBEIDSTERAPIE:**
'n Arbeidsterapeut besoek ons skool weekliks op Dinsdae. Gesels gerus met u kleuter se klasonderwyseres hieroor, of skakel Riana van Romburg by 018-2933887 of 082 855 5535
- (m) **EXSPERI-MAATJIES**
Hierdie Wetenskap eksperimente lessies word slegs aan die Gr. R. kleuters gegee. Skakel Mariëtte du Preez by 082 550 8072

Byvoorbeeld dank vir u mooi gesindheid en samewerking

HOOF EN PERSONEEL PREPRIMÊRE SKOOL WOEL EN WERSKAF